Man agter Sparta Beef vereer

■ DIRK KOK

MARQUARD. – Op 'n spoggeleentheid in die stadsaal hier is mnr. Dirk van Reenen (76), stigter en direkteur van die multimiljoenrand-voerkraal en vleisverspreider Sparta Beef, deur familie, werknemers, betrokkenes in die voerkraalbedryf en politici vereer vir sy lewe, werk en die verbetering van ander se lewe.

Van 'n nederige begin met die vetmaak van 30 osse in 1966, het Van Reenen, 'n boorling van Marquard met 'n B.Com.-graad van die Universiteit van Durban, die Sparta-groep tot 'n multimiljoenrand-sakeonderneming met die voerkraal hier, 'n slagplaas in Welkom en 'n groothandel-vleisverspreider in Gauteng uitgebou. Dit is ook in vennootskap met 'n leerlooiery in die Oos-Kaap.

Vandag staan daar elke dag gemiddeld 40 000 beeste op die voerkraal hier en word Sparta se vleis oor die land heen versprei.

Altesaam 12 000 beeste word per maand afgerond en verkoop, sê Van Reenen se seun, Lou, voorsitter van die groep.

In die Vrystaat alleen verskaf die groep aan 1 000 mense werk. Dit is nie net een van die grootste werkverskaffers in die provinsie nie, maar skep ook onregstreeks baie werkgeleenthede.

Met 'n behuisingskema het talle Sparta-werknemers hul eie huise en beurse word aan belowende jong mense gegee. Die groep het ook die Vrystaatse provinsiale regering hulp aangebied met die finansiele opleiding van uitgesoekte mense en vir die opleiding van opkomende boere.

Mnr. Mbothoma Maduna, burgemeester van Setsoto (Ficksburg en ander dorpe), het Van Reenen op die geselligheid geloof vir sy enorme belegging in Marquard, die provinsie en die land.

Me. Mathokoana Mopeli, koningin van die Bakoena-stam in Qwaqwa en speaker van die distriksmunisipaliteit Thabo Mofutsanyana, het gesê Van Reenen het die weg vir baie ander gebaan, terwyl ander sakelui hul ondernemings uit die Vrystaat geskuif het.

Mev. Mamiki Qhabate, Vrystaatse LUR vir landbou, het op die geleentheid gesê: "Ek bring as swart vrou hulde aan 'n wit man met 'n goeie hart en 'n man wat nie kleur sien nie. Dit is belangrik dat swart en wit na mekaar uitreik en mekaar bystaan. Hierdie onderneming het deur die jare 'n betekenisvolle rol in mense se lewe gespeel. Ons het baie meer Dirk van Reenens in hierdie wêreld nodig."

Mnre. Dave Ford, uitvoerende direkteur van die SA Voerkraalvereniging, en Piet de Wet, vriend en sakevennoot van Van Reenen, het gesê Van Reenen is 'n pionier van die voerkraalbedryf in Suid-Afrika en in die wêreld.

'n Beskeie en reguit Van Reenen het gesê mense moet al die mooi goed wat oor hom gesê is, maar met 'n knippie sout vat. Hierop het hy 'n beroep op die regering gedoen om meer hand in eie boesem te steek vir vooruitgang.

DIE SUKSESVOLLE MAN EN DIE VROUE IN SY LEWE: Mnr. Dirk van Reenen (voor), op die geselligheid waarop hy vereer is. Van links is, agter: sy dogter Lynnette, 'n direkteur van Sparta, sy vrou, Bettie, en sy ander dogters, me. Estelle van Reenen, uitvoerende hoofamptenaar van die Sparta-groep, en mev. Erika Kok, sakevrou van Stellenbosch.

FOTO'S: DIRK KOK